

CYMAX M WP

BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY

**VERWYS NA BESONDERHEDE
SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK**


SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK

VERWYS NA BESONDERHEDE

SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK

CYMAX M WP

FUNGICIDE



Reg. No. L7680, Act/Wet No. 36 of/van 1947
N-AR 1538

1:28/11/2011

A wettable powder systemic and contact fungicide for the control of diseases on crops as listed.

'n Benatbare poeier sistemiese en kontak swamdoder vir die beheer van siektes op gewasse soos aangedui.


| | | |
|----------------------------------|--------|---------------------------------|
| FRAC FUNGICIDE GROUP CODE | 27; M3 | FRAC SWAMDODER GROEPKODE |
|----------------------------------|--------|---------------------------------|


| ACTIVE INGREDIENTS / AKTIEWE BESTANDELE | | |
|--|----------|------------------------------------|
| Cymoxanil (cyanoacetamide oxime) | 60 g/kg | Simoksanil (siano-asetamiedoksiem) |
| Mancozeb (dithiocarbamate) | 700 g/kg | Mankoseb (ditiokarbamaat) |

Registration Holder / Registrasiehouer
Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.
Reg. No. 2000/010819/07
P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid- Afrika


10kg

UN Number: 2588





CAUTION / VERSIGTIG



**DIRECTIONS FOR USE ENCLOSED
REFER TO DETAILS AS PRINTED
ON CONTAINER / BAG**

Batch Number
Date of manufacture

**GEBRUIKSAANWYSINGS INGESLUIT
VERWYS NA BESONDERHEDE
SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK**

Lotnommer
Datum van vervaardiging

WARNINGS

Allow the following number of days between last treatment and harvest or use as food or feed:

| | |
|-------------------|-------------|
| Potatoes..... | 14 days |
| Wine grapes..... | 14 days |
| Table grapes..... | 4 – 6 weeks |
| Tomatoes..... | 7 days |

IMPORTANT: The recommended withholding period between last application and harvest meets local residue requirements, but may not meet export requirements.

- Harmful when swallowed inhaled or absorbed through the skin.
- May irritate eyes, nose, throat and skin.
- Toxic to fish.
- Store in a cool place.
- Store away from food, feed, fertilizer and other agricultural products.
- **FLAMMABLE** – Keep away from fire and sparks. Do not allow product to become damp and then warmed in storage as flammable vapours will be generated.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Do not use on hydroponically or container grown crops.
- **Re-entry** – Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.
- **Cymax M WP** has been tested on the most important commercial cultivars without any phytotoxic effects. More susceptible cultivars may be released in future which need to be tested; for this apply **Cymax M WP** to a limited test area before commercial applications are made.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Do not inhale dust, fumes or spray mist.
- Avoid skin and eye contact by wearing protective clothing when mixing the product. Should eye contact occur, flush with plenty of water and get medical attention if necessary.
- Wash with soap and water after use and accidental skin contact as well as contaminated clothing.
- Wash contaminated clothing after use.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product or before washing hands and face.
- Avoid drift of spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- Clean applicator after use. Dispose of rinsate where it will not contaminate crops, grazing, rivers, dams and boreholes.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.
- Destroy the empty container and do not use the empty container for any other purpose.

RESISTANCE WARNING

For resistance management, **Cymax M WP** is a group code 27 + M3 fungicide. Any fungi population may contain individuals naturally resistant to **Cymax M WP** and other group code 27 + M3 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the disease population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **Cymax M WP** or any other group code 27 and M3 fungicide.

To delay fungicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different fungicide group codes.
- A spray programme of mixtures or alternations with remedies with a different mode of action may delay resistant strain build-up.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.

Since the occurrence of resistance cannot be forecast, users are advised to keep treated crops under close observation. If treatment is not effective following the use of **Cymax M WP** as recommended, a resistant strain may be present. If a resistant strain is positively identified, consideration should be given to prompt use of a fungicide with a different mode of action for which there is no record of resistance to the relevant disease. Cymoxanil is active against phenylamide resistant pathogen strains.

USE RESTRICTIONS

- The uptake and activity of systemic compounds can be reduced when crops are under severe drought and/or nutrient stress conditions. Therefore, do not apply **Cymax M WP** under such conditions.
- **Cymax M WP** must not be applied to any crop suffering from stress as a result of drought, water logging, low temperature, insect attack, nutrient or lime deficiency or other factors reducing crop growth.
- Spray programmes with **Cymax M WP** should commence before disease/s become established.
- In table grapes, do not apply after berries have reached pea size (4 – 6 weeks prior to harvest) as this may cause tarnishing.
- Do not apply **Cymax M WP** to any crop or situation not mentioned in this instruction leaflet.
- Only apply **Cymax M WP** using an accurate and safe application technique.
- If **Cymax M WP** is used in a tank mix with other recommended products, consideration should be given to the restrictions of those respective products.

DIRECTIONS FOR USE

Use only as directed.

MIXING INSTRUCTIONS

Mix the required quantity of **Cymax M WP** with a small volume of water into a slurry. Half-fill the spray tank with suitable water, then add the premix to the water in the tank while agitating. Fill the spray tank to the desired volume. Should tank mixtures with other products be made, follow the respective manufacturers' label recommendations. **Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank.** Spraying equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation.

COMPATIBILITY

The compatibility of **Cymax M WP** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. **Cymax M WP** is compatible with most non-alkaline agricultural remedies normally used.

APPLICATION METHODS

Ensure that the equipment is correctly calibrated and is checked regularly during application to ensure even and accurate application. **Cymax M WP** can be applied with conventional high-volume spray equipment. **Constant agitation throughout the spray operation is essential.** Only clean water should be used. Cymoxanil rapidly penetrates into plant tissue. **Cymax M WP** is rainfast within two hours after application. If rain occurs within two hours after treatment, the product performance may be affected and the application must be repeated.

RECOMMENDATIONS

| SITUATION | APPLICATION RATE/HA | REMARKS |
|--|---|---|
| <p>Potatoes and Tomatoes</p> <p>Late blight (<i>Phytophthora infestans</i>)</p> | 2,0 – 3,0 kg/ha | <p>Commence with a preventive spray programme as soon as conditions are conducive to disease development. Use the lower dose rate under conditions of low infection and repeat at 10 – 14 day intervals. Use at the higher rate and at shorter intervals when infection pressure increases. Under conditions of high infection pressure, reduce the spray interval to 7 – 10 days and apply at least two consecutive applications. Apply during period of active growth of plant as a high volume, full cover spray. Depending on the plant size, apply in 300 – 500 ℓ water per ha. Apply in a programme and use sufficient spray mixture to obtain adequate coverage. Add a suitable adjuvant such as a crop oil concentrate at the recommended rate to the spray mixture, especially if rain is imminent. DO NOT APPLY MORE THAN 4 TIMES PER SEASON. Read “Remarks” below.</p> |
| <p>Wine and table grapes</p> <p>Downy mildew (<i>Plasmopara viticola</i>)</p> | <p>200 g/100 ℓ</p> <p>(0,5 – 3,0 kg/ha)</p> | <p>Commence with a preventive spray programme as soon as conditions are conducive to disease development. Use the lower dose rate under conditions of low infection and repeat at 10 – 14 day intervals. Use at the higher rate and at shorter intervals when infection pressure increases. Under conditions of high infection pressure, reduce the spray interval to 7 - 10 days and apply at least two consecutive applications. Apply during period of active growth of plant as a high volume, full cover spray. Do not apply to table grapes after the pea-berry stage. Depending on the plant size, apply in 500 – 1 500 ℓ water / ha. Apply in a programme and use sufficient spray mixture to obtain adequate coverage. Add a suitable adjuvant at the recommended rate to the spray mixture. DO NOT APPLY MORE THAN 4 TIMES PER SEASON. Read “Remarks” below.</p> |

Remarks

Cymax M WP is a mixture of cymoxanil, a locally systemic fungicide with protective and curative properties against late blight and downy mildew and mancozeb, a residual non-systemic fungicide with protective properties only, against both early and late blight. Cymoxanil on its own is not sufficiently effective against early blight when applied in a 10 – 14 day programme. When early blight is anticipated, it is recommended to apply a product registered for the control of early blight such as **Corona 250 EW** or **Pronto EC**. **Cymax M WP** is most effective when applied preventively or at the early stages of infection, before symptoms are visible on the plants. **Cymax M WP** must not be applied to any crop suffering from stress as a result of drought, water logging, low temperature, insect attack, nutrient or lime deficiency or other factors reducing crop growth. Cymoxanil rapidly penetrates into plant tissue but if rain or overhead irrigation occurs within two hours after application, product performance may be adversely affected and application must be repeated.

ACKNOWLEDGEMENT OF TRADEMARKS:

Corona 250 EW (L. 7603)
Pronto EC (L. 7602)

Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd
Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd

WAARSKUWINGS

Laat die volgende aantal dae toe tussen laaste toediening en oes of gebruik as voedsel of voer:

| | |
|------------------|------------|
| Aartappels..... | 14 dae |
| Wyndruiwe..... | 14 dae |
| Tafeldruiwe..... | 4 – 6 weke |
| Tamaties..... | 7 dae |

BELANGRIK: Die aanbevole onthoudingsperiode tussen laaste toediening en oes voldoen aan die vereistes vir plaaslike residuvlakke maar mag dalk nie voldoen aan die vereistes vir uitvoer nie.

- Skadelik wanneer die produk ingesluk, ingeasem of deur die vel opgeneem word.
- Mag oë, neus, keel en vel irriteer.
- Giftig vir visse.
- Berg op 'n koel plek.
- Berg weg van voedsel, voer, kunsmis en ander landbouprodukte.
- **VLAMBAAR** – Hou weg van vure en vonke. Moet nie toelaat dat die produk gedurende opberging klam word en daarna verwarm nie, aangesien vlambare dampe vrygestel word.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Moet nie op plante gebruik nie wat in 'n waterkultuur of potte gekweek word.
- **Herbetreding** – Moet nie behandelde gebiede betree alvorens die spuitneerslag droog is nie tensy beskermende oorklere gedra word.
- **Cymax M WP** is getoets op die belangrikste kommersiële kultivars sonder enige nadelige effekte. Meer vatbare kultivars kan in die toekoms aangeplant word; in hierdie instansies dien **Cymax M WP** toe op 'n beperkte toetsarea voordat groot areas behandel word.

Hoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die patoëen teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

- Moet nie stof, damp of spuitnewel inasem nie.
- Vermyn kontak met die vel en oë deur beskermende klere te dra wanneer die produk gemeng word en gedurende toediening. Indien oogkontak plaasvind spoel met voldoende water en verkry mediese advies.
- Was met seep en koue water onmiddellik na gebruik en toevallige velkontak sowel as besoedelde klere.
- Was besoedelde klere onmiddellik na gebruik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat die hande en gesig gewas is nie.
- Vermyn spuitnewel op ander gewasse, weiveld, riviere, damme en plekke wat nie behandel moet word nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik. Uitspoelwater moet nie gewasse, weiveld, riviere, damme en boorgate besoedel nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Vernietig die leë houers, moet vir geen ander doel gebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Cymax M WP is 'n groeppkode 27 + M3 swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke siekte mag individueel insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **Cymax M WP**, of enige ander groeppkode 27 + M3 swamdoder het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende

individue uiteindelik die siektepopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **Cymax M WP** of enige ander groepkode 27 + M3 swamdoder beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdodergroepkodes.
- Raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in ander swamdodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreels (chemies, verbouing, biologies) in swamdoder programme.

Aangesien die voorkoms van weerstand nie voorspel kan word nie, word gebruikers derhalwe gemaan om behandelde gewasse noukeurig dop te hou. Indien siektebeheer nie voldoende is nie na behandeling met **Cymax M WP** soos aanbeveel, mag 'n weerstandbiedende ras aanwesig wees. Indien 'n weerstandbiedende ras positief geïdentifiseer word, moet daar onmiddellik gespuit word met 'n swamdoder met 'n verskillende mode van aksie wat geen weerstandbiedendheid getoon het nie. Simoksanil is aktief teen rasse wat weerstandbiedendheid teen fenielamied swamdoders vertoon.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- Die opname en aktiwiteit van sistemiese middels kan verlaag word wanneer gewasse onder ernstige vogstremming en/of voedingsgebrek ly. Wanneer die gewas dus in hierdie stremmingstoestand verkeer, word 'n toediening van **Cymax M WP** nie aanbeveel nie.
- **Cymax M WP** moet nie toegedien word op gewasse wat ly aan stress faktore soos droogte, versuiping, lae temperature, insekskade, voedings of kalk tekort of ander faktore wat gewas ontwikkeling sal strem nie.
- Begin spuitprogramme met **Cymax M WP** voordat die siekte/s posvat.
- In tafeldruiwe, moet nie toedien na druiwe korrelgrootte bereik het (4 – 6 weke voor oes).
- Moet nie **Cymax M WP** toedien op enige gewas of situasie wat nie op hierdie etiket verskyn nie.
- Dien **Cymax M WP** toe slegs met akkurate en veilige toedienings metodes.
- As **Cymax M WP** met ander middels in tenkmengsels gebruik word, moet die gebruiksaanwysings van die betrokke produk gevolg word.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

MENGINSTRUKSIES

Meng die vereiste hoeveelheid **Cymax M WP** met 'n klein hoeveelheid water tot 'n dun flodder vorm. Maak die spuittenk half-vol met skoon water en voeg die flodder by die water terwyl daar aanhoudend geroer word. Maak die spuittenk tot die finale volume vol. Moet nie brakwater gebruik nie. As tenkmengsels gemaak word met ander middels, moet die spesifieke vervaardiger se etiket gevolg word. **Die tenkmengsel moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk te staan nie.** Die spuittoerusting moet aan die einde van toediening deeglik uitgewas word.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **Cymax M WP** met ander produkte hang af van die formulering van die betrokke produkte asook die kwaliteit van die spuitwater. Omdat formuleringe kan verander word, is dit aanbeveel dat 'n fisiese verenigbaarheidstoets uitgevoer word voor die tenkmengsel gemaak word. **Cymax M WP** is verenigbaar met die meeste nie-alkaliese produkte wat gewoonlik gebruik word.

TOEDIENINGSMETODES

Maak seker dat die spuittoerusting reg gekalibreer is en gaan gedurende die toediening na om seker te maak dat die toediening egalig en akkuraat is. **Cymax M WP** kan toegedien word met 'n gewone hoëvolumespuit. **Die mengsel moet aanhoudend en deeglik geroer word tydens toediening.** Net skoon water moet gebruik word. Simoksanil word vinnig deur plantweefsel opgeneem. Indien reën binne twee ure na toediening voorkom, kan die nawerking van die produk nadelig beïnvloed word en moet die bespuiting herhaal word.

AANBEVELINGS

| GEWAS/SIEKTE | DOSIS/ha | OPMERKINGS |
|--|---|---|
| <p>Aartappels en Tamaties</p> <p>Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>)</p> | 2,0 – 3,0 kg/ha | <p>Begin bespuiting as 'n voorkomende spuitprogram sodra toestande gunstig is vir siekte ontwikkeling. Gebruik die laer dosis onder lae siektedruk toestande en herhaal elke 10 – 14 dae. Gebruik die hoër dosis met korter intervalle indien siektedruk toeneem. Onder toestande van hoër siektedruk, herhaal bespuitings elke 7 – 10 dae en dien ten minste twee agtereenvolgende bespuitings toe. Dien toe gedurende aktiewe groei teen 'n hoëvolume, voldekbepuiting. Dien toe in 300 – 500 ℓ water per ha afhangend van plantgrootte. Dien toe as deel van 'n program en gebruik genoeg spuitmengsel om goeie bedekking te verseker.</p> <p>Voeg 'n geskikte benatter soos 'crop oil concentrate' teen die aanbevole dosis by, veral as reën moontlik is.</p> <p>MOET NIE MEER AS 4 MAAL PER SEISOEN TOEDIEN NIE.</p> <p>Lees "Aanmerkings" onder.</p> |
| <p>Wyn- en tafeldruive</p> <p>Donsskimmel (<i>Plasmopara viticola</i>)</p> | <p>200 g / 100 ℓ</p> <p>(0,5 – 3,0 kg/ha)</p> | <p>Begin bespuiting as 'n voorkomende spuitprogram sodra toestande gunstig is vir siekte ontwikkeling. Gebruik die laer dosis onder lae siektedruk toestande en herhaal elke 10 – 14 dae. Gebruik die hoër dosis met korter intervalle indien siektedruk toeneem. Onder toestande van hoër siektedruk, herhaal bespuitings elke 7 – 10 dae en dien ten minste twee agtereenvolgende bespuitings toe. Dien toe gedurende aktiewe groei teen 'n hoëvolume, voldekbepuiting. Dien toe in 500 – 1 500 ℓ water per ha afhangend van plantgrootte. Dien toe as deel van 'n program en gebruik genoeg spuitmengsel om goeie bedekking te verseker. Moet nie na die ertjekorrel stadium toedien nie.</p> <p>Voeg 'n geskikte benatter teen die aanbevole dosis by.</p> <p>MOET NIE MEER AS 4 MAAL PER SEISOEN TOEDIEN NIE.</p> <p>Lees "Aanmerkings" onder.</p> |

Aanmerkings

Cymax M WP is 'n mengsel van simoksanil, 'n lokaal sistemiese swamdoder met beskermende en kuratiewe eienskappe teen laatroes en donsskimmel en mankoseb, 'n residuele nie-sistemiese swamdoder met slegs beskermende eienskappe, teen laatroes en vroeëroes. Simoksanil op sy eie is nie voldoende vir die beheer van vroeëroes in 'n 10 – 14 dae spuitprogram nie. Wanneer vroeëroes verwag word, word dit aanbeveel om 'n produk wat op vroeëroes geregistreer is te spuit soos **Corona 250 EW** of **Pronto EC**.

Cymax M WP is die doeltreffendste wanneer dit voorkomend toegedien word of in die vroeë stadium van infeksie, voordat siekte simptome sigbaar is. **Cymax M WP** moet nie toegedien word op gewasse wat ly aan stresfaktore soos droogte, versuipting, lae temperatuur, insekkskade, voedings of kalk tekort of ander faktore wat gewas ontwikkeling sal strem nie. Simoksanil penetreer spoedig in plantweefsel in, maar indien reën of oorhoofse besproeiing binne twee ure na bespuiting val, kan 'n verminderde effek verwag word en die bespuiting moet herhaal word.

ERKENNING VAN HANDELSMERKE

Corona 250 EW (L. 7603)
Pronto EC (L. 7602)

Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd
Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd